akademia

jou toekoms, in jou taal

Deeltydse nasieners by Akademia

Akademia is op soek na deeltydse nasieners vir die volgende modules:

- **Ouditkunde 1:** Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde (Die nasiener moet ten minste 'n tweedejaarmodule in Ouditkunde aan 'n geakkrediteerde hoëronderwys-instelling voltooi het.)
- **Ondernemingsbestuur 1:** BCom-graadkursus (Die nasiener moet ten minste sy/haar BCom-graad in Ondernemingsbestuur aan 'n geakkrediteerde hoër-onderwysinstelling voltooi het en moet besig wees met sy/haar honneursgraad in dieselfde rigting.)
- **Statistiek 1:** BCom-graadkursus (Die nasiener moet ten minste besig wees met 'n derdejaarmodule in Statistiek aan 'n geakkrediteerde hoëronderwysinstelling.)
- **Bestuursrekeningkunde 1:** BCom Bestuursrekeningkunde (Die nasiener moet ten minste besig wees met 'n derdejaarmodule in Bestuursrekeningkunde aan 'n geakkrediteerde hoëronderwysinstelling.)
- **Finansiële Rekeningkunde 1:** BCom Bestuursrekeningkunde (Die nasiener moet ten minste besig wees met 'n derdejaarmodule in Finansiële Rekeningkunde aan 'n geakkrediteerde hoëronderwys-instelling.)
- **Bedryfsinligtingstelsels 1:** BCom Ondernemingsbestuur (Die nasiener moet ten minste besig wees met 'n derdejaarmodule in

Bedryfsinligtingstelsels of Informatika aan ŉ geakkrediteerde hoëronderwysinstelling.)

- **Menslike Hulpbronbestuur 2:** BCom Ondernemingsbestuur (Die nasiener moet ten minste ŉ derdejaarmodule in Mensehulpbronbestuur of Arbeidsverhoudinge aan ŉ geakkrediteerde hoër-onderwysinstelling voltooi het.)
- **Ouditkunde 2:** BCom Bestuursrekeningkunde (Die nasiener moet ten minste ŉ derdejaarmodule in Ouditkunde aan ŉ geakkrediteerde hoëronderwys-instelling voltooi het.)

Daar word van nasieners vereis om die nasienwerk gedurende kantoorure (08:00-16:30) by Akademia se hoofkantoor te doen. Sodoende sal nasieners die nodige leiding van die betrokke dosent oor die betrokke module se nasienwerk kry.

Indien jy belangstel, stuur jou CV teen Vrydag 10 Maart 2017 aan Stefané Potas by stefane@akademia.ac.za en dui aan vir watter module jy jouself beskikbaar stel.